

25 September

Skrifgedeelte: Johannes 4:27-54

Fokusgedeelte: Johannes 4:34-36

As Jesus saai, oes Hy dadelik

Verwonderd laat die Samaritaanse vrou haar waterkruik by die put staan sodat Jesus kan drink. Dan gaan sy haastig met die nuus oor Jesus na haar dorpsgenote: "Is Hy nie miskien die Christus nie?" Laat die Lewende Water alreeds sy invloed geld? Ja, sekerlik. En Jesus verheug Hom daaroor. Hy is trouens innerlik so vol vreugde oor die geestelike voedsel wat Hy so pas ontvang het, dat sy liggaamlike honger verdwyn. Om die wil van sy Vader te doen, is voedsel genoeg. Die oes is egter nog veel groter. Jesus wys vir sy dissipels die skare wat uit die dorp na Hom toe aankom – 'n lewende oes, 'n wandelende ryp koringland – op grond van die prediking van die vrou. Nouliks is daar gesaai of Jesus samel sy gerwe in. Dit is veel anders as die lande daar naby die put wat eers oor vier maande oesgereed sou wees. Die water van die Jakobspuit wat eeue lank die tydelike dors geles het, is arm in vergelyking met die heerlijkheid van die lewende water.

Die twee dae in Samaria was vir Jesus 'n verkwikking. Dan vertrek Hy weer na die dorpie Kana in Galilea. Van daar af genees Hy oor 'n afstand van vyf en twintig kilometer die seun van 'n regeringsamptenaar slegs deur 'n woord te spreek. Die hele huisgesin het tot geloof in Jesus gekom. Vandag werk Jesus deur sy Gees nog steeds in baie harte. Ook ons is deel van sy oes – nie eendag nie, maar nou reeds. Is ons net so opgewonde daaroor soos die vrou van Sigar of net so bly soos die Here Jesus self oor sy werk in ons?

Sing: Psalm 33:10

Ds J Venter (Emeritus)